

Balju om beslag te lê op bates van maatskappy vir LBS- en BTW-skuld

Tshwane, 10 Augustus 2021 - Die balju sal beslag lê op bates van GladAfrica Management Services nadat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) 'n burgerlike bevel en lasbrief tot eksekusie teen die maatskappy bekom het, nadat dit LBS- en BTW-opgawes ingedien het sonder om betaling te maak.

Die versuim om betalings te maak het gelei tot skuld van R88 miljoen en is na die SARS LBS-blitsreaksiespan geëskaleer wat 'n reeks betrekkings met die belastingpligtige gehad het tussen Mei en Augustus 2021.

'n Lasbrief om eksekusie is egter vandag, 10 Augustus, uitgereik wat gevolg word deur die beslaglegging op bates deur die balju.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het gesê dat een van die organisasie se strategiese oogmerke is om dit moeilik en duur te maak vir belastingpligtiges wat nie hul belastingverpligtinge nakom nie, ongeag wie die belastingpligtige is.

"SARS word al meer bewus van die neiging deur maatskappye om opgawes in te dien sonder om die ooreenstemmige betalings te maak. Sodanige nienakoming sal nie geduld word nie, aangesien dit 'n ernstige bedreiging inhou vir die inkomste-invorderingsmandaat van SARS.

Maatskappye en hul direkteurs moet kennis neem dat SARS alle optrede wetlik moontlik sal neem om nakoming te verseker en om seker te maak dat BTW- en LBS-betalings gemaak word. Ingevolge derdepartyooreenkoms, word LBS namens SARS van werknemers verhaal en is dit nie ter voordeel van die maatskappy nie. Om die ingevorderde belasting vir ander doeleindes te gebruik, eerder as om dit aan SARS oor te betaal, is 'n kriminele oortreding," het mnr. Kieswetter gesê.

Vir meer inligting, kontak SarsMedia@sars.gov.za